



In hierdie uitgawe:

- ◆ *Woord deur die Voorsitter* p1
 - ◆ *Witmense weer die slaansak* p3
 - ◆ *Vryheidsdag - Is daar iets om te vier?* p5
 - ◆ *Gaan die oppergesag van die reg duik?* p6
 - ◆ *'n Ekumeniese perspektief - Die huidige staatkundige krisis* p8
 - ◆ *Die verval in ons klein dorpie* p10
 - ◆ *Brokkies en geleenthede* p11
- ◇ *KKNK Ontbyt Netwerk24 verslag* ◇ *Langdienssertifikate*

Woord deur die voorsitter

*Deur Jaco Schoeman
Voorsitter van die Nasionale Raad*

Die klein dorpie Rhodes, snoesig geleë binne die kake van die Suidelike Drakensberge was nog altyd geseënd met uitsonderlike geestelike herders om hierdie klein gemeenskap so ver moontlik suiwer op die regte weg te hou, want hier is die pad hard, vol slaggate en ongenaakbaar.

As katekiserende jong lidmaat van hierdie gemeente het my beker bly oorloop van dankbaarheid omdat daar, in my tyd, die woord gebring is deur 'n predikant met 'n groot gesin van 9, waarvan heelwat dogters. Saamry geleenthede met die predikant vanaf die aangrensende dorp waar ons skoolgegaan het, veral Vrydagmiddae was baie opwindend indien jy jou vroegtydig strategies goed geplaas het in die kombi propvol talent en potensiaal. Die effektiwiteit van 'n truspieëltjie moet egter nooit onderskat word nie, want jy kon deurentyd die staalgrys oë van die rustige herder op jou voel brand vir 70 km lank, maar jy nogal met 'n arm wat jy uit die skoolbaadjie se mou wikkel, redelik vry beweeg, minstens tot by sagte handjies, sonder om te veel aandag te trek.

Tog was dit onverwags toe die predikant eendag skielik 'n russtop maak en vra, "weet jy wat is vry?" Hierdie woord was kras en nie in ons jong gemoedere se woordeboek vir ydele algemene 'skoon tiener' gebruik nie en het ek baie verdraas, kopgeskud of kopgeknik, ek weet steeds nie watter een nie. Die Dominees se welluidende stem en die afgemete woorde, presies soos Sondae wanneer hy die tien gebooue lees het jou gedwing om te luister. "Jy vat, om kort-kort te vervat, om elke keer net beter te vat." Hoewel ek glimlaggend besef dat hierdie gesalfde boodskapper 'n besonderse wysheid en insig het, was dit sy *wegloop – gebrom* wat soos 'n dolk in die blaai was, "jy kan te ver vat en ... dan verkeerd vat" Hoewel ek my steeds verwyrt dat ek nie duidelikheid gekry het oor "*sal dan verkeerd vat*" of "*gaan dan verkeerd vat*" nie, het ek berus by die feit dat albei baie gevaarlik kan wees.

Wanneer die grense van privaatheid oorskry word, gestroop word, ontnem en ont-eien word dan het *te ver vat* nou *verkeerd vat* geword. Dit is vir ons as Suid-Afrikaners reeds geruime tyd duidelik dat die grondwet al te dikwels soos 'n dooie baadjie, slap en willoos rondhang terwyl kragte buite, rondom en onder hierdie baadjie ver buite die grense en beweegruimte van hierdie mou fluks aan die vat is. Die konsepwetgewing oor "*Regulering van Landbougrondbesit 2017 (Maart 2017)*" is 'n ruwe, ongrondwetlike, ideologiese gedrewe wilde wetgewing en sien ons deur die bank by al die lede van die Ad hoc Groep vir die Beskerming van Eiendomsreg die minagting en verwerping van hierdie konsepwetgewing. Dit is die motief rondom hierdie konsepwetgewing, *onbedoelde* of *verskuild-bedoelde* uitkomst wat sleg ruik.

Daar is 'n baie sterk gevoel dat hierdie onverantwoordelike "wilde" konsepwetgewings vir publieke kommentaar dikwels misbruik word vir propaganda, wilde vlieërs
(Vervolg op p2)

***As Afrikaners bou ons saam aan
die toekoms van Suid-Afrika***

Woord deur die Voorsitter (verv)

wat die lug ingestuur word en 'n baie suksesvolle manier om burgerlike organisasies te misbruik om regstegniese advies op 'n skinkbord te kry om net die skerpste punte bietjie af te vyl. Tog kan die geleentheid vir publieke kommentaar nie ignoreer word deur verantwoordelike Suid-Afrikaners nie want hierdie wilde sade kan almal ontkiem as dit nie die nodige aandag kry en indien nodig uitgeroei word nie. Uitstel vir kommentaar, soos onder andere ook deur die Afrikanerbond versoek, is wel verleng tot 16 Mei 2017. Die konsep wetgewing sowel as die Afrikanerbond se voorlopige kommentaar kan by die kantoor aangevra word.

In ons kontrei is daar 'n pragtige uitdrukking. *“Moet nie die ramme injaag as die groenvoer nog nie op is nie.”* As jy nog nie geplant het nie, of die voer nog nie ontkiem en opgekom het nie, die winter straf is, en die reën wegbly, kan dit maklik gebeur dat die ooie wat 'n dragtyd van 155 dae het, lam, en daar dan geen voer op die lande of veld is nie. Die onbedoelde gevolge kan beteken dat pasgebore lammers *keelaf gesny* moet word omdat daar nie kos is nie. Jy moet dus seker maak dat die groenvoer eers op is voordat die skape gedek kan word. In bogenoemde konsep wetgewing oor Landbougrondbesit is daar reeds tekens dat die *ramme ingejaag word* want 'n legio wette wat eiendomsreg en die vryemark beginsels bedreig is, oor die laaste dekade onder ANC regeringsbeleid reeds gesaai, *ontkiem en staatsbeheer staan reeds geil op die lande.*

Hierdie konsepwetgewing handel oor grondplafonne, prosedures waarvolgens die oortollige grond oorgedra moet word aan nuwe eienaars en duidelike voorskrifte oor verandering van eienaarskap van eiendom en prosedures wat gevolg moet word wanneer hierdie eiendomsreg verander. Reg op eerste weiering moet gaan aan 'n swart koper en daarna aan die Regering wat op advies van die Waardeerder- Generaal 'n aanbod kan maak. Indien dit geweier word kan die proses van onteiening plaasvind. Daar is onduidelikheid en 'n grysheid wat hang oor verandering in eiendomsreg tydens *vererwing*. Dit is verder ook duidelik dat hierdie konsepwetgewing behalwe vir ontneming en onteiening ook swaar dra aan bose elemente van oormatige regstelling, rassisme, vergelding, en selfs 'n mate van volksuiwering. Wanneer hierdie wet dan soos 'n stukkie van 'n legkaart sy plekkie vind tussen die battery van ander wetgewing wat in die laaste 7 jaar te staan gekom het kan *bedoelde en onbedoelde uitkomstes* verreikend wees. Dit kan selfs beteken dat die erfgename van 'n familieplaas, ook selfs die oorlewende slagoffers van 'n plaasaanval, naak en weerloos voor die Waardeerder-Generaal sal moet staan om uit te vind watter aalmoes hul gaan ontvang, vir hul eens trotse boerdery.

Lede van die Afrikanerbond het die voorreg gehad om enkele dae gelede gesprek te voer met vooraanstaande lede van georganiseerde landbou. 'n Wysgeer met jare se ondervinding het opgemerk *“boere is dikwels op hul beste as hul moet beur teen die skuld.”* Interessante sleutel landbou ekonomiese syfers van 2016 is: Bruto landbou inkomste R259 miljard, lopende landbou uitgawe en dienste R133 miljard, netto landbou inkomste R96 miljard, Landbou skuld R144 miljard, waarde van landbou bates R427 miljard, uitvoere van landbou produkte R97 miljard, invoer van Landbou produkte R82 miljard. Hierdie syfers waarteen gebeur word, word egter nie in ag geneem as weerlose en onopgeleide mense deur grondhervorming op plase geplaas word sonder enige ondersteuning nie. Hulle word ongelukkig meegesleur deur bogenoemde statistiek.

Interessante sleutel landbou ekonomiese syfers van 2016 is: Bruto landbou inkomste R259 miljard, lopende landbou uitgawe en dienste R133 miljard, netto landbou inkomste R96 miljard, Landbou skuld R144 miljard, waarde van landbou bates R427 miljard, uitvoere van landbou produkte R97 miljard, invoer van Landbou produkte R82 miljard.

Veel meer as bogenoemde beur Afrikaners meedoënloos teen 'n historiese skuld wat vandag nog vir politieke doeleindes aan ons toegedig word, en 'n doelbewuste aanslag soos duidelik blyk in die artikel elders in die nuusbrief, *Vryheidsdag – witmense weer die slaansak.* 'n Dag na Vryheidsdag, op 28 April 2017 rapporteer die Daily Mail weer eens 'n greep uit die toespraak van Pres Zuma – *“he warned the white population that he was coming for their land.”* Op dieselfde dag verkondig Prof. Chris Malikane, adviseur van die Minister van Finansies Malusi Gigaba soos volg tydens die “Blacks in dialogue” in die Devonshire Hotel, Johannesburg. *“We need a two thirds majority to change the constitution, otherwise, to achieve what we want to achieve, we*

need to go that route (take up arms). Op 1 Mei 2017 maak die ISS (Inst. vir Sekerheid Studies) bekend dat
(Vervolg op p3)

Woord deur die Voorsitter (verv)

hy vanaf 3 Mei 2017 weekliks elke Woensdag "lewendige" terugvoer gee nasionaal en internasionaal oor Suid-Afrika as politieke kookpot, omdat SA hom nou bevind in 'n selfgeskepte politieke krisis.

Dit toon dat hardnekkige pogings en volharding met

Hardnekkige pogings en volharding met dialoog, bemagtiging en beïnvloeding, akademiese bydraes, rubrieke en berigte en voortdurende openbare debatte oor nasionale knelpunte steeds van onskatbare waarde bly maar dit is nie meer voldoende om 'n dreigende krisis in SA te stop nie.

dialoog, bemagtiging en beïnvloeding, akademiese bydraes, rubrieke en berigte en voortdurende openbare debatte oor nasionale knelpunte steeds van onskatbare waarde bly maar dit is nie meer voldoende om 'n dreigende krisis in SA te stop nie. Die spelreëls het verander. Ons het dit gesien en self ervaar gedurende die afgelope maand. Suid-Afrikaners moet hergroepeer en herposisioneer. Daar was voorbeelde van massa aksies landwyd, koalisie gesprekke wat 'n nuwe wetenskap geword het, die miljoen biddag in die Vrystaat omdat die tyd vir bid aangebreek het, en staan ons ook voor die beplande Stigting vir 'n Nuwe Nasionale dialoog op Vrydag 5 Mei 2017. Die Stigterslede bestaan uit die volgende stigtings, F W de Klerk, Jakes Gerwel,

Thabo Mbeki, Phumzile Mlambo- Ngcuka, Albert Letuli, Desmond en Lea Tutu, Helen Suzman en Robert Sobukwe. Die geleentheid gaan ons beslis bywoon. Daar is ook ander inisiatiewe waar Suid-Afrikaners saam besluit het genoeg is genoeg en waar dit reeds nodig was om die President van die land op Werkersdag weg te jaag voordat hy sy toespraak kon lewer. Die politieke landskap bly by die dag verander.

Die Afrikanerbond is nie immuun teen, en allermens afsydig, teenoor opofferings en aanpassings wat Suid-Afrika nou van Afrikaners en Suid-Afrikaners verg nie. Die Nasionale Raad van die Afrikanerbond vergader op 18 en 19 Mei 2017 by die Eike in Johannesburg. Ons steun sterk op lede se voorbeelding vir insig, wysheid, moed en waagmoed.

"Erfenis van hul moed en trou, is die grond waarop ons bou, juigend tot die hemelblou. Vryheid. Vryheid. Op dan, broers en druk hul spoor, voorwaarts broers die vaandel voor, laat die veld ons krygsgroep hoor. Vryheid, Vryheid" Jan F E Cilliers

Wees sterk. ❖

Witmense weer die slaansak

**Jan Bosman,
Hoofsekretaris van die Afrikanerbond**

In die aanloop tot Vryheidsdag en die dag self was witmense weer opgestel as gerieflike teiken vir diegene wie se idees en argumente vir debat opgeraak het.

Op dieselfde dag wat haar nuwe boek *Dreams, Betrayal and Hope* vrygestel is, net voor Vryheidsdag sê die gerespekteerde dr Mamphela Ramphele tydens 'n radio onderhoud dat "witmense verskoning moet vra vir die rykdom wat hulle bekom het sonder om daarvoor te werk." Indien iemand gedink het dat sy dalk buite konteks aangehaal is herhaal sy dit die aand met haar boekbekendstelling. Skatryk in eie reg met 'n rykdom waarvoor die meeste wit mense 'n paar leeftye sal moet werk, is nie ter sake nie.

Op News24 skryf 'n swart rubrieksrywer 'n rubriek onder die opskrif "Met witmense Vryheidsdag vier?" In die rubriek debatteer hy met sy vriende wat voel dat witmense nie Vryheidsdag behoort te vier nie want hulle neem "aanstoot" en maak die werklike betekenis van swartmense se stryd vir vryheid "bespotlik" Nee argumenteer hy dan, witmense moet die dag vier, want hulle moet herinner word daaraan dat hulle spesiale regte en voorregte op die dag weggeneem is. In die tweede plek moet bevoorregte witmense besef dat hulle 'n verpligting teenoor swartmense het wie se stryd nog 'n werklikheid is.

Dieselfde klomp wat voorheen oor Afrikaners gedebatteer en gewroeg het, het op Vryheidsdag onder die vaandel van die Ahmed Kathrada Stigting by die Apartheidmuseum gewroeg oor "Of 'n nie-rassistiese Suid-Afrika moontlik is? Christi van der Westhuizen het dit weer gehad oor "nie-rassisme wat nie aangespreek kan word, as wit bevoorregting nie aangespreek word nie."

(Vervolg op p4)

Witmense weer die slaansak (verv)

Uit die paar voorbeelde word dit duidelik. Politiek korrekte en swartbewussyn kommentators kan nie sinvol aan 'n debat oor 2017 se probleme praat sonder om eers witmense te beskuldig nie. Dit is asof daar 'n ewige vrees is dat enige kritiek op die huidige regering en huidige probleme nie alleen en op eie meriete aangespreek kan word nie. 'n Kapstok vir regverdiging moet eers gevind en geïdentifiseer word. Vanuit die geïdentifiseerde kapstok (gewoonlik anti-wit, wit beskuldigend, of selfs haatspraak) kan kritiek dan gelewer word. Dit is asof mense hierdeur duidelik wil maak en selfregverdiging soek dat hulle nie vandag se swart wandade kan kritiseer nie want dan mag hulle dalk net gesien word as regverdigend teenoor die verlede, teenoor witmense en die hemele behoed ons, enige iets wat na kolonialisme ruik.

Dit is baie maklik om witmense vandag te betrek en verder te blameer. Dr Ramphela soek verskonings en witmense wat erkenning moet gee aan die stryd van swart landgenote. Die swart kommentator op News24 soek permanente vernedering vir witmense en wit kommentators soos Christi van der Westhuysen is oorweldig deur en wroeg voortdurend met haar eie witheid.

Daar is genoeg verskoning gevra vir apartheid. Die probleem is nie die verskoning nie. Dit kan vandag nog steeds gedoen word. Die grootste struikelblok is ook nie die wil om verskoning te maak nie, maar die wil om vergifnis te bied. Wie moet dit vandag doen? Die groter ironie is dat witmense nie vir 23 jaar smekend om vergifnis en verneder op hulle knieë kan bly nie. Die verskonings van mnr FW De Klerk by die Waarheid en Versoeningskommissie is afgemaak en is de Klerk selfs verkleiner. Oud polisie minister Adriaan Vlok het in 'n besondere simboliese gebaar dr Frank Chikane se voete gewas as teken van sy berou oor dit wat onder apartheid gedoen is. Hierdie verskoning is deur Adv Dumisa Ntsebeza, gewese hoof van die Waarheid-en-versoeningskommissie se ondersoekteenheid as "te min, te laat" afgemaak.

Terwyl daar nou kwistig blaam uitgedeel word is die vraag dus wie nog namens die wit mense verskoning moet maak. Verskonings is al deur kerkgroepe, media groepe en vele meer gemaak. Nog meer, wie moet die verskonings beoordeel en wie gaan finaal besluit oor die erns en inhoud daarvan sodat ons kan aangaan? Wie moet vergifnis toestaan? Ons is 23 jaar in die nuwe demokrasie en is daar genoeg verskoning gevra vir die verlede. Dit is tyd om aan te beweeg.

Wit mense se bydrae in die Suid-Afrika van vandag, ten spyte van vele struikelblokke is enorm. Dit kon egter soveel meer gewees het as witmense nie deur wetgewing en beleidsraamwerke soos Swart Ekonomiese Bemagtiging (SEB) en regstellende aksie uitgesluit word van die ekonomie nie. Jong wit matrikulante word beurse ontnem as gevolg van velkleur en top sportmanne wyk uit na die buiteland omdat hulle hier as gevolg van witheid nie deur meriete in ag geneem word nie. Wit middeljarige mans betaal die hoogste prys omdat hulle CV doodeenvoudig as gevolg van velkleur nie oorweeg word vir bevordering of aansoek vir werk nie. Wit mense betaal reeds dubbel aan belasting (wat vermors en deur korrupsie gesteel word) aan die een kant en privaat dienste soos onderwys, medies, veiligheid, aan die ander kant.

Wit mense se bydrae in die Suid-Afrika van vandag, ten spyte van vele struikelblokke is enorm. Dit kon egter soveel meer gewees het as witmense nie deur wetgewing en beleidsraamwerke soos Swart Ekonomiese Bemagtiging (SEB) en regstellende aksie uitgesluit word van die ekonomie nie.

Was dit nie juis die wit Suid-Afrikaners gelei deur 'n wit regering wat na 1990 begin soek het na 'n regverdige, regverdige en volhoubare politieke stelsel vir almal in Suid-Afrika nie? Daarmee is verskoning gemaak en is die prys betaal. Dit is wat Vryheidsdag vir ons beteken en dit is hoe ons dit behoort te vier. Niemand moet enige iets anders eis, of die wandade van vandag nog voor ons deur lê nie.

Nog verskonings gaan nie die hedendaagse probleme oplos nie. Betrek eerder die goeie wil van wit Suid-Afrikaners wat geroepe voel en vasberade is om in Suid-Afrika te bly, wat wil meewerk om die land te laat werk tot voordeel van almal. Hierin moet diegene wat wit skuld voortdurend wil uitlig en bevorder eerder 'n konstruktiewe as verdelende rol speel. Of is hulle, so vasgevang in ras en ontkenning dat die wil om aan te beweeg vervaag het? ❖

Vryheidsdag - Is daar iets om te vier?

Deur dr Theuns Eloff: Uitvoerende Direkteur, FW de Klerk Stigting

Soos met ander historiese gebeurtenisse, onthou baie Suid-Afrikaners 27 April 1994 nog steeds baie goed. Die dag van lang stemtoue en goedgesindheid, die gevoel van 'n nuwe begin... Dit was die geboorte van die "Nuwe Suid-Afrika".

Baie Suid-Afrikaners, veral dié wat 1994 beleef het, sal vanjaar se Vryheidsdag as die laagtepunt van alle Vryheidsdae beskou.

En daarna het baie Vryheidsdae gevolg. Baie Suid-Afrikaners, veral dié wat 1994 beleef het, sal vanjaar se Vryheidsdag as die laagtepunt van alle Vryheidsdae beskou.

Hoekom? Omdat ons sien wat op politieke, ekonomiese en maatskaplike gebied om ons gebeur. Daar is groot spanning in die regerende party - oor die huidige president, maar ook in die leiersstryd vir 'n nuwe president. Daar is sprake van korrupsie, en staatskaping deur regeringsleiers en amptenare. Ons sien dat die

ekonomie stagneer en dat ons land se finansiële stelsel basies na rommelstatus afgradeer is. Ons beleef ras-spanning en 'n klaarblyklike totale gebrek aan versoening en gedeelde waardes.

Dit is alles waar. Maar dis nie al wat waar is nie.

Voormalige president FW de Klerk het reeds baie maal gesê dat Suid-Afrika van vandag steeds 'n beter plek is as wat dit sou gewees het as ons nie in die vroeë negentigs die onderhandelde skikking bereik het en ons Grondwet aanvaar het nie.

Hoekom? Omdat baie van die vryhede wat ons toe as 'n nasie verwerf het, steeds sterk staan. Die begrip van vryheid is sentraal in die Grondwet. Dit kom in in die aanhef voor, maar veral talle kere in die Handves van Regte.

Dit word, saam met menswaardigheid en gelykheid, as een van die demokratiese waardes van ons land beskryf. Ons het in terme van die Handves die volgende vryhede:

- Vryheid en sekerheid van die persoon, en vryheid van alle vorme van geweld (artikel Vryheid van die persoon is ook een van die nie-aantasbare regte wanneer daar 'n noodtoestand verklaar word (artikel
- Vryheid van godsdiens, oortuiging en mening (artikel
- Vryheid van uitdrukking (pers, media), asook vryheid om inligting te ontvang en oor te dra, akademiese vryheid en vryheid van wetenskaplike navorsing, asook vryheid van artistieke kreatiwiteit (artikel 16). In artikels 58 en 117 word vryheid van spraak spesifiek in die Parlement en die Nasionale Raad van Provinsies gewaarborg.
- Vryheid (eintlik die reg) om vreedsaam te betoog en petisies op te stel (artikel
- Vryheid van assosiasie (artikel
- Vryheid van politieke keuse, en die reg op vrye verkiesings (artikel
- Vryheid van beweging en veblyf (artikel
- Vryheid van bedryf, beroep en professie (artikel

In die 2017 Menseregteverslagkaart van die Stigting se Sentrum vir Grondwetlike Regte word vir die meeste van hierdie vryhede 'n goeie punt gegee. Twee van bogenoemde vryhede kry 'n A ("uitstekend", artikel 15 en 18), drie kry 'n B ("goed", artikel 17, 19, 21) en drie kry 'n C ("gemiddeld", artikel 12, 16, 22). Dit is duidelik dat, veral teenoor ander regte wat swakker doen, Suid-Afrikaners (nog) hierdie vryhede het en geniet.

En dit is belangrik om te besef dat dit juis hierdie vryhede en hulle uitoefening is wat die negatiewe tendense in Suid-Afrika probeer teenwerk. Dis vryheid van spraak wat ons die reg gee om te kritiseer, dis die vryheid van assosiasie wat Suid-Afrikaners die reg gee om hulleself te organiseer, dis die vryheid om te betoog wat lei tot optogte teen die vergrype van ons leiers - en dis die vryheid van politieke keuse en vrye verkiesings wat ons die geleentheid gee om in 2019 ons stem uit te bring oor wat nou in ons land aangaan, maar veral oor wat ons wil hê in die toekoms moet gebeur.

Met hierdie perspektief kan Vryheidsdag 2017 anders as negatief beleef word. Nie totaal uitgelate nie, dis waar. Maar met die begrip dat ons vryer is as wat ons was, dat ons ons vryhede goed kan gebruik om die

(Vervolg op p6)

Vryheidsdag - Is daar iets om te vier?

probleme in ons land teen te staan en dat talle Suid-Arikaners (oor ras, taal en geloofsgrense heen) reeds saamstaan vir 'n beter toekoms.

Ons hét rede om dankbaar te wees vir ons status as 'n vry land en vrye burgers. Ons kàn Vryheidsdag 2017 vier. ❖

Gaan die oppergesag van die reg duik?

Deur Herman Toerien

Die tydige en ontydige boodskap van pres. Jacob Zuma en van sy kornuite oor onteiening sonder kompenzasie, asook ander opmerkings, skep die indruk dat die grondwet al hoe meer onder druk is. Veral drie prominente mense het die afgelope weke in artikels hulle duidelik uitgespreek oor die versaking van die grondwet wat plaasvind.

Wanneer die grondwetlike beginsels waarop by Kemptonpark ooreengekom is, gelees word, word 'n wyer indruk gevorm van uitdaging van ongrondwetlikheid, veral met betrekking tot die strewe na 'n nie-rassige land vry van rasse-

Hoewel daar nou groot gewag gemaak word van ongrondwetlike en beweerde ongrondwetlike optrede van veral Zuma, is dit nie heeltemal nuut nie. Pansat het byvoorbeeld terwyl die oorgangsgrondwet nog gegeld het, die regering daarvan beskuldig dat dit self die grootste skender van taalregte in die grondwet is. Wanneer die grondwetlike beginsels waarop by Kemptonpark ooreengekom is, gelees word, word 'n wyer indruk gevorm van uitdaging van ongrondwetlikheid, veral met betrekking tot die strewe na 'n nie-rassige land vry van rasediskriminasie.

Ons kyk vervolgens vlugtig na onlangse uitsprake deur bekendes hieroor:

- Adv Thuli Madonsela, uitgetrede Openbare Beskermer, fokus op twee soorte oortredings, naamlik versuim om die grondwet en wette uit te voer wat duidelik gepositiviseer is, en die ignorering van ongeskrewe beginsels en reg. Volgens haar hou hierdie miskenning van die grondwet en die reg die gevaar in dat die gewone burger ook nie kan insien hoekom hy / sy so moet maak nie. Sy skryf onder meer: "Ek het gewonder of die president – 'n goeie boodskap aan die nasie stuur? Dit is duidelik dat daar geen wet is wat hom of enigiemand anders verhoed om saam met mense te kuier wat daarvan beskuldig word dat hulle die wet oortree het nie – selfs al sou hulle 'n eed afgelê het om daardie wet te beskerm.

Gevolglik kan dit net 'n kwessie van etiek wees. Wat is die regte ding om op die regte manier te doen? Is die president verplig om die regte ding te doen? Die antwoord is ja. Dit is sy grondwetlike verantwoordelikheid om eties op tree, veral ooreenkomstig artikels 96 en 195 van die Grondwet. Trouens, art. 195 bepaal dat Zuma en ander regeringslede en amptenare 'n "hoë standaard van beroepsetiek moet bevorder en handhaaf" en dat hulle handeling "beheers" moet word "deur die demokratiese waardes en beginsels van die Grondwet". Soos regter Brandeis kan 'n mens vra of Zuma nie 'n goeie navolgenswaardige les vir Suid-Afrikaners het nie."

- Ds. Nelis Janse van Rensburg, voorsitter van die moderamen van die NG Kerk: "Die munisipale verkiesing het vir die eerste keer daarop gedui dat ou regeringsgesindes 'n alternatiewe party ernstig oorweeg. Dit was grondverskuiwend. Maar die feit dat 'n regering sonder morele gesag steeds volledig in beheer is van die land, is waarskynlik 'n groter verskuiwing. Geen president en sy regering kan immers meer doen om sy eie morele gesag te ondermyn nie. By verskeie geleenthede hanteer pres. Jacob Zuma die waarheid op maniere wat vernietigend is vir vertroue."

Hy verskaf dan 'n lang, maar onvolledige lys van vergrype:

- In 2015 word ons wysgemaak dat die swembad by Nkandla 'n vuurpoel is. Op 9 Desember daardie jaar verwyder hy Nhlanhla Nene as minister en verkoop aan die nasie die storie dat Nene herontplooi word by Brics. Vir twee jaar sloer hy om gehoor te gee aan die Openbare Beskermer se bevindinge oor Nkandla.
- Hy koggel die lede van die opposisie in die parlement oor hul protes oor sy optrede, net om aan die Konstitusionele Hof te sê hy wou eintlik altyd die geld terugbetaal wat hy die staat skuld.
- Sulke optrede skep beslis nie vertroue nie. Die hof bevind dat hy nie sy belangrikste plig as president nagekom het nie. Verder gebruik hy die oudste truiks in die boek om blaam te verskuif.

(Vervolg op p7)

Gaan die oppergesag van die reg duik? (verv)

- “Witmonopoliekapitaal” is ongetwyfeld ’n kodewoord vir rassisme en ’n politieke sondebok waaragter ’n slegte agenda versteek word. Vertroue bereik egter ’n laagtepunt as, onder sy leierskap, die land se maatskaplike stelsel tot by die rand van ’n afgrond gelei word.
 - Maar in hierdie tyd van lae vertroue verskuif hy die politieke agenda na die rol van die ministerie van finansies as hy die minister en sy adjunk in die pad steek. Die sogenaamde verslag met beweringe dat minister Pravin Gordhan en sy adjunk, Mcebisi Jonas, ’n versetveldtog teen die regering in die buiteland sou lei, is uiters bedenklik en duidelik van waarheid ontbloot . . . net nog ’n rookskerm.
 - Die regering word intussen telkens uitgevang dat hy die staat se geld verkwis en wanbestee. Die gerugte oor die begunstiging van familie en vriende, staatskaping en ’n versteekte agenda om persoonlike beheer te neem van die staat word harder en harder. Die vertroue in die president is diep uitgekalwe.
- Dr. Theuns Eloff, hoof van die FW de Klerkstigting: Hy skryf op die vooraand van Vryheidsdag 2017: “ En daarna het baie Vryheidsdae gevolg. Baie Suid-Afrikaners, veral dié wat 1994 beleef het, sal vanjaar se Vryheidsdag as die laagtepunt van alle Vryheidsdae beskou. (Sien die artikel in die AB Nuusbrief)

Die gerugte oor die begunstiging van familie en vriende, staatskaping en ’n versteekte agenda om persoonlike beheer te neem van die staat word harder en harder. Die vertroue in die president is diep uitgekalwe.

Hoekom? Omdat ons sien wat op politieke, ekonomiese en maatskaplike gebied om ons gebeur. Daar is groot spanning in die regerende party – oor die huidige president, maar ook in die leierstryd vir ’n nuwe president. Daar is sprake van korrupsie en staatskaping deur regeringsleiers en amptenare. Ons sien dat die ekonomie stagneer en dat ons land se finansiële stelsel basies na rommelstatus afgradeer is. Ons beleef rassiespanning en ’n klaarblyklike totale gebrek aan versoening en gedeelde waardes.”

Kortom. Dit kom daarop neer dat Zuma as geen vriend van die grondwet beskou word nie. Nie almal druk dit egter ewe duidelik uit dat Zuma verwyder moet word om dié situasie te beredder nie.

Op die oomblik kom daar weer verskeie uitsprake van binne die ANC wat die toekoms van onafhanklike houe in die gevaarsone plaas. Die dubbelpatery oor die rol en oogmerke van die grondwet en die regspraak in Suid-Afrika kan tot ’n groot mate na die geskiedenis van die ANC herlei word. Verskeie van die topleiers van die ANC is bekende konstitusionaliste, terwyl ander revolusionêre is.

Onder die konstitusionaliste was, en is van die land se voorste regsgeleerdes. Hulle was goed toegerus om as ANC-onderhandelaars op te tree tydens die Kemptonparkse onderhandelinge. Die oorgangsgrondwet was skaars voltooi, of ’n nuwe boek, Fundamental Rights in the New Constitution sien die lig wat ook wyd aan regstudente voorgeskryf word. Onder die skrywers tel bekendes in ANC-geledere soos Davis, Cachalia en Maduna. Hul kennis en ingesteldheid het baie daartoe bygedra dat die ANC groot aansien in die buiteland geniet het.

Kortom. Dit kom daarop neer dat Zuma as geen vriend van die grondwet beskou word nie. Nie almal druk dit egter ewe duidelik uit dat Zuma verwyder moet word om dié situasie te beredder nie.

Maar was hulle toe al die tyd “nuttige idiote” van die rewolusionêre groep? Heelwat het hulle immers nou as leiersfigure laat geld in die #ZumaMustFall-veldtog. Onder hul bekommernisse is die wyse waarop die grondwet afgerem word en geminag word.

Die jongste grondwetlike krisis wat skaars ’n wenkbrou laat lig het was toe eers ’n minister en adjunk-minister, en toe pres. Jacob Zuma self gesê het die grondwet moet gewysig word om artikel 25 so te wysig dat onteiening van grond sonder kompensasie kan plaasvind. Tegnies is Zuma in die sop hieroor, want hy het nuwe beleid gaan verkondig sonder dat daardie nuwe beleid eers deur die ANC se beleidskongres goedgekeur is.

Dr. Corné Mulder, die Vryheidsfront Plus se parlementêre woordvoerder oor Justisie, het egter ’n nuwe komer onder verantwoordelike burgers verwoord oor planne om die regbank “radikaal te transformeer.” Hy wys daarop dat die Sunday Times berig dat senior ANC-leiers meen die regters is teen-rewolusionêr. Dr. Mulder sê die ANC moet besef die regbank behoort nie aan hom nie.

(Vervolg op p8)

Gaan die oppergesag van die reg duik? (verv)

Uit verskeie uitsprake van Zuma blyk dit dat sy sentimente lê by 'n beginsel bekend as parlementêre soewereiniteit. Zuma het gereeld sy frustrasie uitgespreek dat die parlement wette aanneem, maar dat dit dan deur die howe as ongrondwetlik verklaar word. Dit is omdat Suid-Afrika nou 'n stelsel het van die oppergesag van die reg (grondwet) (Rule of Law).

Zuma se klagtes dat die howe hom en die ANC verhoinder om hul werk volgens meerderheidswil te doen, is 'n goeie voorbeeld van 'n onbegrip van die verspreiding van mag. Wat hy bepleit is nie meer 'n demokrasie nie, maar 'n diktatuur van die meerderheid.

Oor of Suid-Afrika nou ook 'n regstaat is (wat dikwels gebruik word as sinoniem vir oppergesag van die reg), is daar nie altyd akademiese eenstemmigheid nie, en ook nie of dit goed of sleg is as dit nie is nie. Feit is, die oorgangsgrondwet het verklaar dat Suid-Afrika 'n regstaat is, maar nie die finale grondwet nie. Een van die tipiese eienskappe van die regstaat is dat 'n konsentrasie van mag verbied word. Die grondwetlike beginsels is baie duidelik om op verskeie maniere 'n konsentrasie van mag te voorkom. Dit was in 'n stadium duidelik dat die ANC die land vanuit Luthuli-huis regeer het, en dat die parlement net 'n rubberstempel was.

Al is Suid-Afrika nou tegnies nie 'n regstaat nie, is onder meer deur hofsake, verhoinder dat die ANC steeds sy parlementêre kookus van buite kon beheer. Zuma se klagtes dat die howe hom en die ANC verhoinder om hul werk volgens meerderheidswil te doen, is 'n goeie voorbeeld van 'n onbegrip van die verspreiding van mag. Wat hy bepleit is nie meer 'n demokrasie nie, maar 'n diktatuur van die meerderheid.

'n Grondwet is wel veronderstel om 'n lewende dokument te wees, en gereeld gewysig te word. Maar in die hande van die ANC, en veral met die konstitusionaliste wie se rol baie verklein het, is veranderings byna gewaarborg om rampspoedig te wees.

Heelwat kritiek is al gelewer op die ongewoon baie gesag / mag waarvoor Zuma in terme van die grondwet beskik. Dié baie mag het vanuit die staanspoor ook vir ander post 1994-presidente gegeld. 'n President wat dit sou misbruik is doodeenvoudig nie voorsien nie.

Dié verreikende magte geld veral Zuma se magte om sleutelaanstellings te doen, soos byvoorbeeld ministers. Trouens, Zuma eis die prerogatief op om alleengesag te hê oor die aanstelling van ministers, en dat hy aan niemand daarvoor verantwoording te doen nie. Dit druis egter teen die grondwetlike beginsels in wat onder meer vereis dat alle aanstellings rasioneel moet wees. Die DA toets die kwessie nou in die hof na aanleiding van onder meer Suid-Afrika se rommelstatus na die laaste kabinetkoming.

Die ongewoon wydlopende magte vir aanstellings van die president stel hom in staat om 'n patronaatnetwerk te skep en so die grondwet weer deur 'n proses van regsverydeling te ondergrawe. Min of meer dieselfde geld die president se "alleenreg" om kommissies en hul voorsitters aan te stel. Hy frustreer op die oomblik 'n behoorlike ondersoek na staatskaping omdat hy 'n aanbeveling van die vorige Openbare Beskermer, Madonsela, betwis dat die hoofregter iemand as voorsitter aanbeveel. Die duidelike bedoeling is dat 'n herhaling van die debakel met die Seriti-kommissie voorkom word. Die Seriti-kommissie het juis gevolg na 'n uitspraak van die Grondwetlike hof wat so 'n kommissie gelas het – dit laat reeds een van Zuma se argumente in die stof byt. ❖

'n Ekumeniese perspektief - Die huidige staatkundige krisis

Ons hoor baie keer dat die stem van die kerk baie stil is. Die onderstaande perspektief is 'n paar dae gelede by ons ontvang en plaas ons dit onveranderd. Donald Katts (moderator: Volkskerk van Afrika), Braam Hanekom (Sentrum vir Publieke Getuienis: NG Kerk) en Llewellyn MacMaster (Sentrum vir Publieke Getuienis: VGKSA) het saam gedink oor wat tans aan die gang is in Suid-Afrika en gee hier 'n paar perspektiewe.

Agt perspektiewe oor wat tans in die land aan die gebeur is en wat nou nodig is

Suid-Afrika beleef tans 'n tyd van onstuimigheid en onsekerheid. Wat gebeur tans? Hoe lyk die toekoms? Wat kan ons verwag? Wat moet gelowiges in hierdie dae doen?

(Vervolg op p9)

'n Ekumeniese perspektief - staatkundige krisis (verv)

1. Wat ons tans sien, is die sistemiese verrotting van 'n groep mense binne die ANC wat hul morele kompas verloor het.

Dit is ons ernstige pleidooi dat president Zuma moet bedank. Dit gaan egter tans oor veel meer as bloot president Jacob Zuma wat verwyder moet word. Daar het 'n netwerk van belange om hom ontstaan wat sal voortveg vir hul eie belang. Ons weet nie hoe hierdie situasie so vinnig na 1994 ontwikkel het nie, maar geld en mag het 'n manier om dit aan mense te doen. Daar is inderdaad 'n stryd om die siel van die ANC aan die gang.

Persone wat dan waag om teen president Jacob Zuma op te staan, word van allerlei onpatriotiese optredes beskuldig. Die gesprek is hewig en het tans baie kante.

2. Die virus wat Zimbabwe op sy knieë gebring het, het by ons ook nou ontwikkel.

In Zimbabwe het ons gesien hoe die volgende situasie ontwikkel:

- 'n Groep mense met bittere haat oor die verlede proe ook geld en mag.
- Hul morele basis was reeds uitgekalwe (die slagting op die Matabeles is maar een voorbeeld).
- Om steun en mag te behou wend hulle hul tot populistiese strategieë.
- Hulle lê hul hande op die staatskas.
- Hul kaap die polisie, weermag, OVK en die regbank.
- Hul gee nie 'n flenter om wat met die ekonomie gebeur nie, omdat hulle hulself met dollars verskans het.
- Hul leef in 'n klein enklawe, verwyderd van die massas se ellende. Hoe meer die aanslag en kritiek, hoe hoër bou hulle die mure om hulself.
- Hul uitsprake raak al hoe meer irrasioneel en onverdedigbaar.
- Die wisselkoers versleg dramaties.
- Die ekonomie steier en die volk verarm dramaties.

Na ons mening sien ons hierdie dinge reeds op 'n klein skaal in SA gebeur, met die uitsondering van die regbank en hopelik die OVK.

3. Daar is erge verdeeldheid oor die rol en posisie van president Zuma.

Nie almal is dit eens dat president Zuma verwyder moet word nie en selfs op voetsoolvlak is daar hewige meningsverskil. Zuma gebruik egter sy populistiese uitsprake oor radikale ekonomiese transformasie om steun in seker kringe te verkry. Persone wat dan waag om teen president Jacob Zuma op te staan, word van allerlei onpatriotiese optredes beskuldig. Die gesprek is hewig en het tans baie kante. Die intensiteit van die gesprek moet nie onderskat word nie. 'n Versoek om die president te verwyder, moet nie gesien word as 'n versoek om die gesprek oor restituisie, wit monopolistiese kapitalisme (WPK), ongelykheid, neo-liberalisme en ekonomiese transformasie te stop nie. Die vermoede is dat pres Zuma tans die gesprek bemoeilik. Anti-Zuma beteken nie noodwendig steun vir die DA nie. Ons bid dat die verdeeldheid nie tot verdere konflik en geweld lei nie.

4. Die burgerlike samelewing is verdeeld en daar is nie genoeg kollektiewe en gesinchroniseerde optrede nie.

Ons sien tans te veel klein poginkies om op eie bene te probeer opstaan. Dalk is dit hoe uiteindelijke massaoptrede begin, maar tans is daar groter momentum en beter sinchronisasie nodig. Ons is ook onseker of dit nie op hierdie stadium maar net 'n middelklas optrede is nie.

Ons sien tans te veel klein poginkies om op eie bene te probeer opstaan. Dalk is dit hoe uiteindelijke massaoptrede begin, maar tans is daar groter momentum en beter sinchronisasie nodig. Ons is ook onseker of dit nie op hierdie stadium maar net 'n middelklas optrede is nie. Hoeveel steun is daar werklik onder die arm massas van SA? Die dae wat voorlê, sal dit uitwys. Moenie die krag en invloed van die landelike gebiede en tradisionele leiers onderskat nie.

President Zuma regeer onder andere deur die tradisionele leiers. Hy koop hulle om met reuse salarisse en hulle gee dan duidelike opdragte aan die mense wat op trustgrond bly oor hoe hulle moet stem. Dit verklaar waarom die ANC sulke oorweldigende meerderhede in die landelike gebiede van Limpopo,

Mpumalanga, Noord-Wes, die Vrystaat en selfs Oos-Kaap het. Onthou, hierdie mense (waarvan daar 'n paar miljoen is), word nie op 'n daaglikse basis blootgestel aan die media soos die middelklas dit ken nie. Die

(Vervolg op p10)

'n Ekumeniese perspektief - staatkundige krisis (verv)

vraag is watter rol sosiale media hier kan speel. Die aanduidings is egter dat hier ook reeds 'n reuse stryd aan die ontwikkel is.

5. Dis tyd vir 'n fyn strategie.

Raas en skree alleen gaan nie help nie. Mag die ware leiers in Suid-Afrika nou opstaan, bymekaar kom en 'n fyn strategie ontwikkel. Sonder om hul bloot te stel, kan ons bevestig dat dit inderdaad op 'n paar plekke aan die gebeur is. Ons hoop om op gereelde basis te berig oor inisiatiewe wat beplan word en waaraan deelgeneem kan word.

Dit is 'n tyd vir kerke, gemeenskappe en rassegroepe om hande te vat. As daar ooit 'n tyd was rassegroepe om beter na mekaar te luister, mekaar te verstaan en mekaar se belange op die hart te dra, dan is dit nou.

6. Dit is tyd vir hande vat.

Dit is 'n tyd vir kerke, gemeenskappe en rassegroepe om hande te vat. As daar ooit 'n tyd was rassegroepe om beter na mekaar te luister, mekaar te verstaan en mekaar se belange op die hart te dra, dan is dit nou. Vooroordele, verdeeldheid en veralgemening kan net groter skade berokken. Groter gedeelde perspektief moet ontwikkel word. Net 'n verenigde front sal hierdie aanslag op Suid-Afrika kan teenstaan.

7. Gebed!

Die ou kerkvaders het gesê: "Bid asof jy nooit werk nie en werk asof jy nooit bid nie". Dit is 'n tyd vir 'n reuse gebedsaksie. Jou denke oor gebed verklap eintlik jou hele teologie en jou denke oor God. Gebed kan en mag nooit manipuleer nie. Gebed wil nie God se arm draai nie. Gebed moet verootmoedig en in nederigheid voor God om genade pleit. Ons mag vra en ons pleidooie rig. Dink klein oor gebed en eintlik dink jy klein oor God. Ja, gebed kan God se hart verander. Dit leer die Skrif ons baie duidelik.

Mag God ons genadig wees.
Nkosi sikelele! iAfrika!

Donald Katts, Braam Hanekom, Llewellyn MacMaster
Kaapstad ❖

Die verval in ons klein dorpie

Deur Jan Bosman

Hoofsekretaris van die Afrikanerbond

Met die pas afgelope skoolvakansie en Paasnaweek was ons gesin saam met vriende bevoorreg gewees om vir 'n paar dae die Kgalagadi se natuurskoon te kon waardeer. Die meer as 1100 km vanuit Gauteng het ons deur Noordwes en die Noordkaap geneem na die Kgalagadi. Die platteland met netjiese landerye en boerdery aktiwiteite vertel die storie van harde werk, vooruitgang en trots maar die dorpie waar ons roete ons deurgeneem het vertel 'n ander storie. Die buitewyke van Ventersdorp waar ons deurgery het, Sannieshof, Delareyville, Vryburg en Kuruman vertel slegs een storie, die verhaal van verval.

Vir kilometers aaneen lê telefoonpale windskeef met drade wat plek plek los hang. Dit is dieselfde ervaring in Mpumalanga waar slaggate in dorpsgebiede die norm raak. Dit is asof dit maar eenvoudig net maar gelate aanvaar word.

Dit is geensins kritiek op die inwoners van die dorpe nie. Ons voorstede in Gauteng vertel ook die verhaal van jarelange verval. Rommel lê die wêreld vol, mense urineer openlik op straat en instandhouding word feitlik nie meer gedoen nie.

Die sigbare verval in die platteland het my opnuut herinner aan die waarskuwing wat Dr Frans Cronje van die SA Instituut vir rasseverhoudinge by 'n grondkonferensie op 31 Mei 2013 in Muldersdrift gerig het. By die konferensie wat deur die Ad Hoc Groep vir die Beskerming van Eiendomsregte aangebied is het dr Cronje pertinent die waarskuwing gerig dat ondeurdagte wetgewing veral 'n negatiewe impak het op veral die samelewing rondom kleiner dorpe. Vier jaar later is die negatiewe impak nie net meer 'n dreigement nie maar is dit duidelik sigbaar. Dr Cronje het in 2013 reeds gewaarsku dat kommersiële boerdery die ekonomiese kern is van ons klein dorpie. As die skaal en produktiwiteit van hierdie boerderye belemmer word sal dit grootskaal-
(Vervolg op p11)

Die verval in ons klein dorpies (verv)

se gevolge vir ons platteland meebring. Besighede soos ons landboukoöperasies, onderdele winkels, bandeverskaffers, ens. is almal op die platteland direk afhanklik van die kommersiële boerderygemeenskap.

As die kommersiële boerderye kwyn, kwyn die aanvraag vir die besigheidsvaardighede wat die kommersiële

Een na die ander kan ondernemings nie die mas opkom nie. Die gevolg hiervan is dan dat ander besighede soos apteke, kafees en supermarkte ook kwyn en uiteindelik, soos die kommersiële boere en hulle verskaffers, ook die landelike ekonomie verlaat.

sektor bedien. Een na die ander kan ondernemings nie die mas opkom nie. Die gevolg hiervan is dan dat ander besighede soos apteke, kafees en supermarkte ook kwyn en uiteindelik, soos die kommersiële boere en hulle verskaffers, ook die landelike ekonomie verlaat. Dit is vandag baie duidelik as mens deur die platteland ry dat die sakekern grootliks begin verdwyn het. Die langtermyn gewin wat die boerderygemeenskap aan die dorpies voorsien het is uitforseer. Plaaslike geld word nou spandeer by die Chinees of Pakistani Ethiopiër of Somaliër en dit is hoogs waarskynlik dat daardie geld nie weer plaaslik belê word nie maar aan familie in die lande gestuur word. Dit sou ook redelik veilig wees om te beweer dat die meeste van die handelaars ook geen inkomste- of invoerbelasting, of BTW op hul produkte betaal nie.

Die gevolge is katastrofaal. Soos wat die ekonomie kwyn en die verval toeneem begin die skole kleiner raak en sluit later heeltmaal. Ons hoor ook van die impak op kerke en gemeenskappe in die breë.

Prof Andries Bezuidenhout van die Universiteit van Pretoria gebruik die term “sosiale involusie” om sulke agteruitgang te beskryf. Dit gebeur telkens as die formele ekonomie deur ’n informele ekonomie vervang word en die staat gevolglik nie meer belasting kan invorder om dienste te verskaf nie. Hy sê dan as dit gebeur, word kommersiële boere weer bestaansboere en val mense terug op ruilhandel, eerder as om goedere in die formele handel aan te skaf.

Ons hoor telkens dat die huidige regering nie goed is vir die land nie. Dit is sagkens gestel. Beleidsraamwerke en ondeurdagte wetgewing waarteen telkens gewaarsku word, is ekonomies vernietigend. Nêrens is dit meer sigbaar as in die landelike gebiede nie. Praatjies oor nasionalisering van myne en onteining van grond gaan die verval net nog verder stukrag gee. ❖

Brokkies en geleenthede

Veeltaligheid ’n geleentheid, eerder as ’n las - KKNK ontbyt

Adv. Jan Heunis, Voorsitter van die Konvokasie van Stellenbosch, was die gasspreker by die jaarlikse ontbytgeleentheid wat deur die Afrikanerbond tydens die KKNK aangebied word. Die ontbyt wat hierdie jaar op 14 April 2017 by die Welgeluk NG Kerksaal, in Oudtshoorn plaasgevind het se wins word oorgedra na die Rapport Onderwysfonds. Met erkenning aan Netwerk24 plaas ons graag die onderstaande artikel wat berig het oor die geleentheid.

“Die voorstanders vir die behoud vir Afrikaans as ’n taal van tersiêre onderrig sal altyd die debat loshande wen. Die belangriker vraag is of hulle die oorlog wen?” Dit is die vraag wat adv. Jan Heunis, president van die Universiteit Stellenbosch (US) se konvokasie, gevra het op ’n ontbytgeselligheid wat deur die Afrikanerbond se Suid-Kaap-streek gehou is.

Heunis het oor die stand van Afrikaans as onderrigtaal by die US gepraat by die geselligheid, wat Donderdagoggend in die saal van die NG kerk Welgeluk in Oudtshoorn gehou is.

“Die voorstanders vir die behoud vir Afrikaans as ’n taal van tersiêre onderrig sal altyd die debat loshande wen. Die belangriker vraag is of hulle die oorlog wen?”

“In 2016 het Afrikaans sy status as primêre onderrigtaal aan nog vier universiteite, insluitend die Universiteit van Stellenbosch, verloor. Dit is nou nog net ’n primêre onderrigtaal met ’n status gelyk aan dié van Engels, aan die Potchefstroom-kampus van die Noordwes-Universiteit,” het hy gesê.

Volgens Heunis is die vooruitsig van veeltaligheid by Suid-Afrikaanse universiteite ’n geleentheid eerder as ’n las. Daarom glo hy dat ander inheemse tale ook bevorder moet word tot wetenskapstale. “Om ’n weten-
(Vervolg op p12)

Veeltaligheid 'n geleentheid, eerder as 'n las (verv)

skapstaal te bly, moet ons saam met die wetenskap ontwikkel. Om die middele te vind om eerder as om Afrikaans as 'n primêre taal van onderrig uit te faseer, die verantwoordelikheid te aanvaar om 'n inheemse taal, anders as Afrikaans, ook tot volwaardige akademiese taal te ontwikkel. Om meer te doen, nie minder nie."

Volgens Heunis is dit 'n stryd wat nie net Afrikaanssprekendes kan aanvoer nie. "Die uitdaging is om te beseef dat 'n aanspraak om in 'n moedertaal onderrig te word 'n regverdig-gegronde aanspraak is. Veral dat dit verdien om voor gestry te word. Dat dit 'n stryd is wat Afrikaanssprekendes saam met ander bevolkingsgroepe kan stry."

"Die uitdaging is om te beseef dat 'n aanspraak om in 'n moedertaal onderrig te word 'n regverdig-gegronde aanspraak is. "

Hy sê dit sal egter baie verg om daardie punt te bereik. "Dit verg geloof daarin dat daar nog 'n toekoms in hierdie land is, of weer een sal wees. Dit verg van studente om meer te doen as om net so gou as moontlik in enige taal hul kwalifikasies te verwerf sodat hulle 'n loopbaan hier of elders kan volg."

Hy sê dit verg van sakemanne om nie skaam te wees vir hul standpunt oor Afrikaans as onderrigtaal nie en om dit doeltreffend en met oorgawe te bemark. "Kortom, hulle moet hul kant te bring. Dit verg van ons almal om hieroor standpunt in te neem. Nie in die geheim nie, maar in die openbaar – hard en duidelik." ❖

Swartland Vrugtefees 25 Maart 2017: Langdienssertifikate

Tydens die Swartland Vrugtefees op 25 Maart 2017 het Br. Klasie Rust lidmaatskap sertifikate oorhandig aan brs. Frans Louw (20 jaar) Gerhard Roux (30 jaar).

Vir beide was dit 'n voorreg om aan die organisasie te behoort vir soveel jare. Die doel en strewe van die AB. was juis dit wat die besluit vergemaklik het om deel daarvan te wees. Daar kan ook met vrymoedigheid gesê word dat die Afrikanerbond die lede se lewe, denke en optrede baie verryk het.



Vnr. Brs. Frans Louw, Klasie Rust (Malmesbury Munisipale Raad Voorsitter, voormalige Burgemeester), Gerhard Roux.

Die AB. het nog altyd in die verlede en ook tans voor uitdagings groot en klein te staan gekom. Daar is groot waardering vir dit wat tans deur die Provinsie Bestuur en lede van die Nasionale Raad gedoen word om die Afrikanersaak te dien.

Dank en waardering aan die Afrikanerbond vir die erkenning van jarelange dienslewering en betrokkenheid by die organisasie.

Siebert Coetzee.
Voorsitter: Swartland Afdeling.

Let wel: Langdienssertifikate word nie outomaties deur die kantoor uitgereik nie. Dit kan aangevra word by Mev Merene Beer by (011) 78208569 of deur 'n e-pos te stuur na ledesake@abond.co.za ❖

Kontakbesonderhede vir die Afrikanerbond
hoofkantoor@abond.co.za
www.afrikanerbond.co.za

Privaatsak X45, Aucklandpark, 2006
Tel: (011) 782-8569 of (011) 782-8627
Faks: (011) 782-1190